

## As ons willens en wetens aanhou sonde doen (OP102)

Heb 10:26-31

25 September 2022

Laasweek het ons begin met die meer praktiese gedeelte van die Hebreërboek. In Heb 10:19-25 het ons geleer dat ons met vrymoedigheid in die Allerheiligste van die ware tabernakel kan ingaan langs die nuwe lewende weg wat Jesus vir ons gebaan het deur Sy bloed, dit is deur Sy liggaam. Boonop is Hy ook die groot Priester oor die huis van God. Ons het verder drie aspekte geleer van die proses om in te gaan: (1) Ons moet ingaan met geloofsekerheid en 'n opregte hart. Gelowiges kan in hierdie lewe alreeds deur die voorhof beweeg tot in die Heilige van die ware tabernakel deurdat hulle geregverdig word deur geloof in Jesus Christus, en deurdat hulle die genademiddele wat God gee gebruik om te vorder in heiligmaking. (2) Verder moet ons vashou aan die belydenis van ons hoop om wel eventueel in die Allerheiligste te mag ingaan wanneer ons heerlik gemaak word. (3) Intussen moet ons mekaar aanspoor tot liefde en goeie daade, en moet ons die samekomste van die gemeente gereeld opsoek.

Vandag wil ek stilstaan by Heb 10:26-31. In hierdie gedeelte vind ons weer 'n ernstige en dringende waarskuwing wat die skrywer aan sy lesers, en dus ook aan ons, rig. Dit is die vierde keer in die boek wat die skrywer sy beredenering onderbreek om so 'n dringende waarskuwing te rig: Die eerste keer was in Heb 2:1-4 waar hy die oproep gerig het: Hoe sal ons ontvlug as ons so 'n groot verlossing verontagsaam? Die tweede keer was in Heb 3:12-4:13 waar hy gewaarsku het dat ons moet waak teen 'n hart van ongelooft, en mekaar moet aanspoor solank daar nog 'n vandag is om in Sy rus in te gaan, en die derde keer was in Heb 5:11-6:8 waar hy gewaarsku het teen traagheid om te leer en dat dit onmoontlik is dat iemand weer tot bekering kan kom as hy eenmaal verlig is en tog daarna afvallig geword het. Nou kom ons by die vierde waarskuwing in Heb 10:26-31.

In die oordenking van hierdie gedeelte, moet ek weereens baie erkenning gee aan die insigte van AW Pink in sy kommentaar oor Hebreërs. Ek gaan eers weer sistematies deur die gedeelte werk, en daarna dan besin oor wat die betekenis van die gedeelte is en wie kennis moet neem van die inhoud van die waarskuwing.

### Inhoudelike bespreking van die waarskuwing in Heb 10:26-31

Lees vers 26. Die vers begin met "Want" – dit beteken dus dat hierdie waarskuwing aansluit by die voorafgaande gedeelte. In vers 24-25 was die oproep dat mekaar moet aanspoor tot liefde en goeie daade, en dat ons nie die samekomste van die gemeente moet verwaarloos nie – veral nie namate die oordeelsdag nader kom nie. Nou sit hy die argument voort deur te redeneer dat as ons willens en wetens sou bly sondig, is daar nie meer 'n offer beskikbaar vir ons sondes nie. Een van die willens en wetens sondes waarteen ons gewaarsku word, is dus dat ons nie van die samekomste moet weg bly nie. Maar daar is sekerlik meer sulke sondes.

Let op, die skrywer praat steeds van "ons" – soos wat hy in verse 19-25 ook gedoen het, toe hy geskryf het oor ons toegang tot die heiligdom en hoe ons daar moet ingaan. As hy na "ons" verwys, sluit hy sekerlik homself daarby in. Boonop, onthou hoe hy in Heb 3:1 na sy lesers verwys het: Hy het hulle beskryf as "heilige broers" wat deelgenote is van die hemelse roeping. Hy rig dus die waarskuwing aan homself en die broers wat deelgenote is van die hemelse roeping.

Hy waarsku in hierdie vers teen sondes wat "willens en wetens" gedoen word – dit is hoe die 2020 DAV dit vertaal. Die OAV en die NAV vertaal dit met sondes wat "opsetlik" gedoen word – dus doelbewus, bewustelik. Ons lees in die Ou Testament ook van 'n onderskeid tussen onopsetlike en

opsetlike sondes. Kyk byvoorbeeld na Num 15:22-24. In die geval van 'n onopsetlike sonde, was daar 'n voorskrif vir die offers wat die volk moes bring ter versoening van hierdie onopsetlike sonde. Daarteenoor lees ons in Num 15:30-31 van 'n sonde wat uitdagend gedoen word (DAV) – die OAV en NAV vertaal dit as moedswillige (oftewel opsetlike) sondes. Die straf vir hierdie opsetlike sonde was dat die persoon uitgeroei moes word – hy moes dus sterf. Opsetlike sondes is dus erger as onopsetlike sondes. Hoe erg opsetlike sondes is, word vir ons duidelik as ons in Hand 3:17 lees dat Petrus tydens sy toespraak op Pinksterdag sê dat die Jode en hulle leiers Jesus in onkunde gekruisig het. Hoe erg dit ookal was wat hulle gedoen het, was daar onkundigheid by betrokke, en dus ten minste 'n mate van onopsetlikheid. Die waarskuwing in Heb 10:26 is egter teen sonde wat “willens en wetens” gedoen word, m.a.w. die persoon weet hy is besig om te sondig.

Trouens, vers 26 verwys spesifiek na sonde wat gedoen word nadat kennis van die waarheid ontvang is. Die woord wat hier met kennis vertaal word, is 'n saamgestelde woord. Dit word op meer plekke in die Nuwe Testament gebruik. Op verskeie plekke word dit geassosieer met insig. Byvoorbeeld in Filemon 6: Daar vertaal die DAV dit met “kennis van elke goeie saak”. Die NAV vertaal dit met “dieper insig”, die NIV vertaal dit met “full understanding”, en die ESV met “full knowledge”. Of kyk na Kol 2:2 “dat hulle kan kom tot die volle rykdom van die allesomvattende insig, ja tot die kennis van die misterie van God” – weer 'n nou konneksie tussen allesomvattende insig en kennis. Die “waarheid” in Heb 10:26 verwys tog sekerlik na die waarhede wat die skrywer so breedvoerig beskryf het in sy boek tot hier, opsommend die feit dat gelowiges vrymoedige toegang het tot die heiligdom deur die werk van die Seun. Ons kan sê die “waarheid” is die evangelie. Die waarskuwing wat hier gerig word is dus teen sonde wat willens en wetens gedoen word deur iemand wat die evangelie ken, maar meer as net intellektueel ken: Hy verstaan dit met insig, hy omhels dit selfs.

Let ook op, die waarskuwing is nie net teen 'n sonde wat willens en wetens gedoen word deur iemand wat die kennis en insig van die waarheid het nie, maar wel teen die “aanhoudende” of “voortdurende” doen van opsetlike sondes deur so 'n persoon.

As iemand met sulke sondes aanhou, is daar nie meer 'n offer vir hierdie sondes nie – soos wat ons gesien het ook die geval was in die ou verbond – daar was nie 'n offer voorgeskryf vir opsetlike sondes nie, so 'n persoon is doodgemaak. Deel van die “waarheid” wat so 'n persoon ken en verstaan, is immers dat net Jesus se offer effektief is vir die wegneem van sondeskuld (Heb 9:26b). Maar, soos wat ons in vers 29 sal sien, is hierdie persoon met sy opsetlike sondes juis besig om hierdie enkele offer van Jesus te vertrap. Dus is daar nie meer 'n offer oor vir hierdie herhaalde opsetlike sondes nie – nie in die nuwe verbond nie, nie in die ou verbond nie, selfs nie in enige ander godsdienst nie. Nêrens nie! Dit is dus onvergeefbaar.

Die gevolg hiervan word in vers 27 uitgespel: Al wat die persoon oor het, is 'n verskriklike verwagting van oordeel en intense vuur, wat hom gaan vernietig. Watter oordeel het die skrywer in gedagte? Ten diepste die finale oordeel – in Heb 9:27 het hy ook na die oordeel verwys, en daar is die oordeel geassosieer met Jesus se tweede koms, dus die finale oordeel. Ja, God oordeel ook alreeds in die tyd tot met die finale oordeel – dink byvoorbeeld aan Nadab en Abihu in die Ou Testament wat met vuur verteer is. Maar hierdie persone moet die verwagting van God se finale oordeel in gedagte hou – daardie oordeel wat soos 'n intense vuur is en wat God se teenstaanders gaan verteer. Met die oordeel sal daar 'n regverdige verhoor wees, hierdie persone sal skuldig bevind word en gevonnissen word: hulle sal in die poel van vuur gegooi word, dit sal gepaard gaan met intense pyniging, hulle sal dit nooit weer ontsnap nie, dit duur vir ewig. Die belangrike punt in vers 27 is dat hierdie mense nou alreeds die verwagting moet hê van hierdie komende oordeel. Onthou: hulle het die kennis van die waarheid, hulle het insig in die waarheid. Netsoos wat die genadige verlossing van diegene wat langs die nuwe lewende weg in die heiligdom ingaan, deel is van die waarheid, netso is die oordeel van

diegene wat willens en wetens aanhou met sonde, deel van die waarheid. Hulle weet dit, en hulle moet dit nou in gedagte hou. Hulle moet verstaan: dit is waarheen hulle op pad is as hulle voortgaan met die dinge waarmee hulle besig is.

In vers 28 gaan die skrywer terug na die ou verbond. Hy herinner sy lesers aan wat die situasie daar was – hy sê as iemand die wet van Moses verwerp het, en twee of drie getuies het getuienis gebring wat bevestig het dat die persoon die wet van Moses verwerp het, dan het so 'n persoon geen genade ontvang nie, hy is doodgemaak. Lees Deut 17:2-6. Dit is 'n voorbeeld van waarna die Hebreërskrywer verwys. Hier gaan dit oor afgodery – 'n man of vrou oortree die verbond van God deurdat die persoon ander gode dien, soos die son of die maan of ander hemelliggame. God is baie duidelik in Sy wet daarvoor dat net Hy aanbid mag word, en daarom is dit 'n oortreding van die verbond. So 'n saak moes ondersoek word, en as daar twee of drie getuies was wat die oortreding bevestig het, is die persoon tereggestel.

Lees vers 29. Die punt van die vers is dat as daar so daadwerklik opgetree is in die ou verbond deurdat iemand wat skuldig was aan afgodery, tereggestel is, daarom kan daar in die nuwe verbond nog erger straf verwag word vir iemand wat willens en wetens aanhou sonde doen.

Kom ons dink net eers oor die feit dat daar verskillende grade van straf sal wees in die finale oordeel. Lees Luk 12:47-48. Ek glo die verse is duidelik: die slaaf wat weet wat sy eienaar wil hê en nogtans nie doen wat van hom verwag word nie, kan die verwagting hê dat hy swaar gestraf sal word. 'n Ander slaaf wat nie weet presies wat van hom verwag word nie, en dus in onkunde dinge gedoen het wat strafbaar is, kan egter verwag om ligter gestraf te word. "Van elkeen aan wie baie gegee is, sal baie geëis word, en aan wie baie toevertrou is, van hom sal meer gevra word". Onthou nou, die persone van wie die skrywer hier in Heb 10 praat is persone wat die kennis van die waarheid ontvang het, en wat insig daarin het. Hulle weet dus wat van hulle verwag word. Daarom as hulle nie doen wat van hulle verwag word nie, kan hulle 'n swaar straf verwag.

Maar hoekom is dit so erg as iemand willens en wetens aanhou sonde doen nadat hy die kennis van die waarheid ontvang het? Vers 29 gee drie redes, hier is drie stelling getuienis wat gebring word wat bevestig dat hierdie oortreding so erg is, dat dit 'n swaar straf waardig is – met intense vuur wat die persoon sal vernietig. Kom ons kyk na die drie redes:

- Hy vertrap die Seun van God: Hierdie persoon het kennis en insig in die waarheid. Dit beteken die persoon weet Jesus is die Seun van God. Hy weet Jesus is God, alreeds vir ewig. Hy weet Jesus is die Een deur wie God alles geskep het. Hy weet in die volheid van die tyd het Jesus mens geword. Hy weet Hy het gely en gesterf juis om versoening te bewerk vir sondes. Hy weet daardie offer van die Seun is die enigste effektiewe, maar ook die enigste perfekte offer vir sonde. Hy weet dit is alleen op grond van hierdie offer dat daar nou toegang is tot die Allerheiligste van die ware tabernakel. En tog pleeg hy sonde – hy doen dit willens en wetens. Hy hou aan om dit te doen – ten spyte van al sy kennis en insig oor hoe groot die prys is wat die Seun van God betaal het. Hy maak dit goedkoop. Hy plaas sy begeertes bo God se begeertes, en so vertrap Hy die Seun van God.
- Hy het die bloed van die verbond waardeur hy gereinig is, gering geag: Hierdie persoon het kennis en insig in die waarheid. Hy weet God is die Verbondsgod. Hy weet hoe God Homself as Verbondsgod geleidelik openbaar het deur die loop van die Bybelgeskiedenis. Hy weet van die ou verbond met al sy wette en voorskrifte. Hy weet dat die bloed van die diere wat oor die loop van jare geslag is, nie werklik versoening kon bewerk nie, maar dat dit vooruit gewys het na die Seun van God wat sou kom om die effektiewe offer te bring. Hy weet Jesus is die Testamentmaker van die nuwe verbond wat eers moes sterf voor die nuwe verbond in

werking gestel kon word. Hy weet Jesus het gesterf. Hy weet Jesus se bloed is die bloed van die nuwe testament, of die nuwe verbond. En tog gaan hy willens en wetens voort met aanhoudende sonde, en so ag hy die bloed van die verbond gering.

- Hy het die Gees van genade uitgedaag: Hierdie persoon het kennis en insig van die waarheid. Hy ken dus die werk van die Heilige Gees. Hy weet die Heilige Gees is uitgestort na die Seun van God die effektiewe offer gebring het en aan die regterhand van God gaan sit het. Hy weet die Heilige Gees getuig van Jesus. Hy weet die Heilige Gees is die Een wat hom by kennis en insig van die waarheid gebring het. Hy weet die werk van die Heilige Gees is om hom te lei op die pad van heiligmaking sodat hy toenemend sal doen wat vir God behaaglik is. En tog gaan hy willens en wetens voort om aan te hou met sondig. Hy werk dus willens en wetens teen die Heilige Gees. Hy daag die Heilige Gees uit wat genadiglik heiligheid in hom wil bewerk, deurdat hy willens en wetens aanhou sondig. Dit is wat sonde teen die Heilige Gees so erg maak, Luk 12:10 sê dat as iemand iets teen die Seun van die Mens sê, kan dit nog vergewe word, maar wie teen die Heilige Gees laster, sal nie vergewe word nie. Hoekom nie? Want die Heilige Gees is die Een wat iemand oortuig van die werk van die Seun, wat die werk van die Seun effektief maak vir die persoon deurdat die persoon tot bekering kom en glo in die Seun, en wat die persoon lei in heiligmaking. Maar as die persoon die Heilige Gees laster en Hom uitdaag, vertrap so 'n persoon die genade wat God aan hom bewys, en hy is op sy eie, en het alleen maar 'n verskriklike verwagting van oordeel.

Sien jy die erns van volgehoue willens en wetens sonde deur iemand wat tot kennis van die waarheid gekom het? So 'n persoon vertrap die Seun van God, ag die werk van die Verbondsgod gering, en daag die Heilige Gees uit! So 'n persoon is in rebellie teen die Drie-Enige God!

Maar God laat nie met Hom spot nie. Lees vers 30. Ja, daardie persoon het alleen maar 'n verskriklike verwagting van oordeel. Maar hy moet ook weet dit is God self wat gaan oordeel. Aan Hom behoort die wraak. Hy sal vergeld. Hy sal Sy volk oordeel. Hierdie woorde is 'n aanhaling uit Deut 32:35-36. Genadiglik is dit so dat God geduldig is in Sy oordeel. Dink maar aan die sondvloed. God het tyd gegee waartydens die mense hulle kon bekeer. Maar op die ou end het die oordeel gekom, en almal is vernietig, behalwe Noag en sy gesin. Dink maar aan Sodom. Die Here het tyd gegee waartydens die mense hulle kon bekeer. Maar op die ou end het die oordeel gekom, en die stad is vernietig. Netso tref God se oordeel ook nie die persoon wat willens en wetens sondig, die eerste keer wat hy sondig nie. Maar as hy aanhou hiermee, het hy alleen maar die verskriklike verwagting van oordeel deur God self. En daardie oordeel is 'n intense vuur, wat hom gaan verteer. Dit is voorwaar soos wat vers 31 sê: Verskriklik is dit om te val in die hande van die lewende God! Spreuke 1:28 sê: "Dan sal hulle na My roep, maar Ek sal nie antwoord nie; hulle sal My soek, maar My nie vind nie." Eseg 8:18 sê: "Op My beurt gaan Ek in woede optree. Ek sal nie 'n traan stort nie. Ek sal nie deernis hê nie. Al roep hulle baie hard in My ore, Ek sal nie na hulle luister nie". Voorwaar is dit verskriklik om te val in die hande van die lewende God!

#### Besinning oor die betekenis van hierdie waarskuwing

Tot dusver het ons besin oor die inhoud van hierdie paar verse. Duidelik rig die skrywer hier 'n dringende waarskuwing met ernstige gevolge. Die vraag is egter: Aan wie is hierdie waarskuwing gerig? Wie is dit wat hierop moet let?

Ons kan die mensdom in drie groepe verdeel: Eerstens is daar die ongelowiges, oftewel die nie-Christene – hulle ken nie die God van die Bybel nie, en hulle erken Hom ook nie. Tweedens is daar die mense wat getuig dat hulle Christene is, maar dit is hoogstens 'n intellektuele belydenis, dit is

selfs net 'n gewoonte om deel te neem aan Christelike aktiwiteite. Hulle kan dit selfs sien as deel van hulle kultuur. Hulle is hoogstens oppervlakkig in hulle aanbidding. Ek noem hulle voorgee-Christene. Dertens is daar die ware gelowige Christene, wat werklik nuwe harte ontvang het, wat God met toewyding in Gees en waarheid aanbid. Die vraag is aan watter deel van die mensdom is Heb 10:26-32 gerig?

Die inhoud van die verse maak dit duidelik dat dit nie gerig is op ongelowiges nie, op die mense wat nie bely dat hulle Christene is nie. Immers is hulle nie mense wat kennis en insig van die waarheid het nie. Ja, dit is so: hulle sondig ook, hulle volhard ook selfs in sonde. Ja, dit is so dat hulle ook God se oordeel kan verwag. Maar hulle sondig grotendeels in onkunde, omdat hulle nie die kennis en insig van die waarheid het nie. Hierdie gedeelte is nie op hulle gerig nie.

Is hierdie gedeelte dan gerig op die mense wat voorgee-Christene is, mense wat deel is van die kerk, maar bloot oppervlakkig? Onthou, toe ons 'n tydjie gelede na Heb 6:4-8 gekyk het, het ons gesê daardie waarskuwing was op hierdie voorgee-Christene gemik. Hulle is eenmaal verlig, hulle het iets van die hemelse gawe gesmaak, hulle het deur hulle meeleeft met die gemeente tot 'n mate deel gekry aan die werk van die Heilige Gees, hulle het iets gesmaak van God se goeie woord, hulle het iets beleef van die kragte van die komende bedeling – hierdie mense beleef tot 'n mate die voordele wat deel is van werklik gelowige wees, maar hulle kom nooit werklik tot geloof nie en smaak nooit die voordele van gelowige wees ten volle nie. Hulle ontwikkel nooit werklik insig nie, hulle bly oppervlakkig. Is hierdie gedeelte in Heb 10 op hulle gerig? Ek dink dit sal vir hulle baie goed wees as hulle dringend let op hierdie waarskuwing, as hulle met hulle oppervlakkige kennis ag slaan op hierdie waarskuwing, as dit hulle sou aanspoor om hulle werklik te bekeer. Maar ek stem saam met AW Pink: ek is nie oortuig hierdie gedeelte is primêr op voorgee-Christene gemik nie.

Ek glo hierdie gedeelte is gemik op ware Christengelowiges. Kan ek 'n paar redes hiervoor aanvoer:

- Deurgaans gebruik die skrywer die eerste persoon meervoud as aanspreekvorm: “ons”. As jy sou teruggaan na Heb 6, sal jy sien daar praat hy aanmekaar van “hulle”. Maar hier praat hy van “ons”. Hy sluit dus homself hierby in. Ons is nie seker presies wie die skrywer was nie, maar ons kan tog sekerlik seker wees dat hy 'n ware gelowige was. Hy waarsku onder andere homself, as ware gelowige.
- Kyk na die konteks: Verse 19-25 het ook voortdurend van “ons” gepraat. En daar was dit die mense wat deel is van die “ons” wat met vrymoedigheid langs die nuwe lewende weg in die heiligdom mag ingaan deur die bloed van Jesus. Daardie “ons” moet tog dan ware gelowiges wees. Boonop: verse 24-25 het die gelowiges opgeroep om mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dae en om nie van die samekomste weg te bly nie, en dan gaan vers 26 voort met: “Want as ons willens en wetens aanhou sondig”. Verse 26-31 se argument vloei voort uit verse 19-25 se argument, sonder dat daar enige verandering is in die mense wat as “ons” beskryf word.
- Vers 26 sê die mense wat deel van die “ons” is, is mense wat reeds kennis van die waarheid ontvang het, en soos wat ons vroeër gesien het, dit hou in dat hulle nie net kennis ontvang het nie, hulle het daarmee saam ook insig in die kennis, en hulle omhels die kennis. Dit is tog tipies van ware gelowiges.

Maar nou is daar tog 'n bekommernis as ons sê hierdie waarskuwing word aan ware gelowiges gerig: Beteken dit nou dat ware gelowiges, ten minste in beginsel, weer hulle geloof kan verloor en alleen maar 'n verskriklike verwagting van oordeel moet hê? Beteken dit die Arminiane is reg as hulle redeneer 'n gelowige kan weer uit die geloof val? Is dit nie direk in stryd met Joh 10:28 nie? “Ek gee

hulle die ewige lewe, en hulle sal tot in ewigheid nie verlore gaan nie, en niemand sal hulle uit My hand ruk nie”?

Wel, kom ons besin hieroor: Sondig ware gelowiges steeds, selfs na hulle tot geloof gekom het? Ongelukkig ja. Hulle is nog nie in heerlijkheid nie. Hulle is steeds op die pad van heiligmaking. Hulle sondig steeds. Sondig ware gelowiges willens en wetens? Ongelukkig ja. Immers, al weet ek wat God se wil is, oortree ek nog soms God se wet. Ek weet wat die spoedgrens is en ek weet God verwag gehoorsaamheid aan die owerheid – en tog kry ek van tyd tot tyd ‘n boete. Ek weet ek moet my naaste liefhê soos myself, en tog skinder ek van tyd tot tyd oor my naaste. Ek weet ek moet God alleen vertrou om aan my behoeftes te voorsien, en tog vertrou ek soms die geld wat ek in die bank het meer as God om te voorsien. Ek sondig willens en wetens.

En natuurlik is dit ernstig – en dit is wat die skrywer deur die Heilige Gees aan ons wil uitlig. Hy wys die erns van hierdie willens en wetens sonde uit deur uit te lig wat die uiteinde gaan wees as ‘n ware gelowige hiermee sou volhou: Elke keer wat jy willens en wetens sondig, vertrap jy die Seun van God – jy wat weet en verstaan wie die Seun van God is, en hoe ‘n groot prys Hy vir jou sondeskuld betaal het. Elke keer wat jy willens en wetens sondig, ag jy bloed van die verbond waardeur jy bely jy gereinig is, gering; ag jy die werk van die Verbondsgod wat Hy oor die loop van eeue besig is om uit te voer, gering. Elke keer wat jy willens en wetens sondig, daag jy die Heilige Gees uit – die Heilige Gees wat jou juis oortuig van sonde, wat jou juis oortuig van die werk van die Seun. Die dringendheid van die waarskuwing is: As jy hiermee aanhou, as jy aanhou om willens en wetens te sondig – dan beweeg jy nader aan die punt dat daar geen offer meer is vir jou sonde nie, en kan jy alleen maar God se oordeel verwag.

Waarteen gelowiges hier gewaarsku word, is dieselfde as waarteen Jak 1:14-15 ons waarsku: Jy moet waak daarteen dat jy deur jou sondige begeertes meegevoer en verlei word, want as die begeerte bevrug is, gee dit geboorte aan sonde, en wanneer die sonde volgroeï is, gee dit geboorte aan die dood. Dus: hou op om willens en wetens te sondig!

Gelowiges moet waak teen die eensydige beklemtoning van die absolute waarheid dat as jy maar net glo, sal jy gered word. Natuurlik is dit waar. Maar, al glo jy werklik, is jy in hierdie lewe steeds ‘n sondaar, ‘n sondaar wat selfs steeds willens en wetens sondig. En dit hoort nie so nie. Dit is ook netso waar dat jy sonder ‘n heilige lewe God nie sal sien nie. Daarom moet jy breek met jou sonde. Daarom moet jy gewaarsku word teen veral willens en wetens sondes. 2 Tes 2:13 sê gelowiges is as eersteling gekies om verlos te word – deurdat die Heilige Gees hulle heilig, deurdat hulle die waarheid glo. Ja, gelowiges is uitgekies. Ja, gelowiges sal verlos word. Dit staan vas. Maar hulle gaan verlos word deurdat die Heilige Gees hulle heilig, deurdat die Heilige Gees hulle waarsku om nie aan te hou om willens en wetens te sondig nie. 1 Pet 1:5 sê gelowiges word deur God bewaar vir die verlossing wat aan die einde van die tyd geopenbaar sal word. Een van die maniere waarop God die gelowiges bewaar is deurdat hy hulle waarsku om nie aan te hou om willens en wetens te sondig nie. Paulus moedig Timoteus in 1 Tim 1:19 aan om die goeie stryd te stry met geloof en ‘n goeie gewete, want die wat dit nie doen nie se geloof het skipbreuk gely. Heb 10:26-31 waarsku ons om te waak daarteen dat ons geloof skipbreuk gaan ly indien ons willens en wetens aanhou sondig!

AW Pink skryf hieroor. Ek vertaal vrylik. Hy sê: Om te redeneer dat ware Christene nie hierdie waarskuwing van hierdie verse nodig het nie, want hulle kan mos nie vir ewig verlore gaan nie, impliseer dat ons vergeet hoe God se voorafbepaalde einddoel aaneenskakel met die manier waarop God hierdie einddoel gaan bereik. God het vooraf bepaal dat die gelowiges in die hemelse heiligdom sal eindig, en een van die maniere waarop hulle daardie eindpunt gaan bereik, is deurdat Hy hulle waarsku om nie aan te hou met willens en wetens sonde nie. Dit is dwaas om so ‘n waarskuwing nie

ernstig op te neem nie. As jy dit sou ignoreer, tree jy dieselfde op as wat Josef sou optree as hy in Mat 2 sou redeneer hy en Maria en Jesus hoef nie Egipte toe te vlug nie, want dit is onmoontlik dat Herodes vir die Christus sou kon oorwin. Netsoos dit die wil van God was om Jesus te spaar deurdat hulle Egipte toe moes vlug, netso is dit God se wil dat gelowiges die heerlikheid sal bereik deurdat hulle sal ophou om willens en wetens te sondig.

Ek gee toe, daar is dinge wat ons nie verstaan nie. Byvoorbeeld, ons verstaan nie presies hoe ver iemand die Christelike pad kan loop en voorgee dat hy 'n gelowige is, sonder dat hy werklik 'n gelowige is nie. Netso, verstaan ons ook nie presies hoe ver 'n gelowige kan volhard in willens en wetens sondes voordat hy alleen maar die verskriklike oordeel kan verwag nie.

Wat ons wel weet, is dat die uiteinde van volgehoue willens en wetens sondes verskriklik is. Ons weet dat ons daardeur die Seun van God vertrap, dat ons die bloed van die verbond gering ag, en dat ons die Heilige Gees uitdaag. Na alles wat God deur Sy Seun en deur Sy Gees in en vir ons bewerk het, wil ons tog nie skuldig wees hieraan nie. In plaas van om net die verskriklike verwagting van oordeel te hê, wil ons tog eerder styf vashou aan die hoop om in die Allerheiligste van die ware tabernakel in te gaan. Laat ons daarom nie aanhou om willens en wetens te sondig nie.